Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Devigi Pillay**
Direktoraat: Diensvoordele
Devigi.Pillay@westerncape.gov.za | 021 467 2477

Lêerno.: 3/3/2/3
Verwysing: IMS 20230424-3758

Omsendbrief: 0016/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Inklusiewe Gespesialiseerde Leerderopvoedingsondersteuning, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en erkende werknemerpartye

Kort opsomming: *Salarisse en voordele asook betaling van toelaes aan graad R-opvoeders en -praktisyns*

**Onderwerp: Salarisse en voordele asook betaling van toelaes aan graad R-opvoeders en -praktisyns**

1. Die progressiewe universalisering van graad R in die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het op 01 Januarie 2023 begin.

2. **Volledig gekwalifiseerde graad R-praktisyns (Relatiewe Onderwyskwalifikasiewaarde (RKOW) 13–14),** is ingevolge die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), permanent aangestel as graad R-opvoeders (posvlak 1) in die Grondslagfase, met volledige diensvoordele en diensvoorwaardes.

2.1 'n Professioneel gekwalifiseerde graad R-opvoeder (Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) vlak 6 en hoër) moet gewerf word indien 'n vakante pos weens geleidelike uittrede of afname binne hierdie groep opvoeders sou ontstaan. (Raadpleeg Bylae 1 wat hierby aangeheg is rakende permanente aanstellings van graad R-opvoeders op posvlak 1.)

2.2 Indien 'n professioneel gekwalifiseerde graad R-opvoeder (Grondslagfase) nie gewerf kan word nie, mag 'n nominasie vir 'n ondergekwalifiseerde graad R-praktisyn via die Kontrakaanstellingnasporingstelsel – Mensbestuurspraktykstelsel (KAN-MBPS) (*Contract Appointment Tracking System – People Mangement Practices System (CAN-PMPS)*) voorgelê word. Die posbekleër sal 'n toelae (as ondergekwalifiseerde) ontvang, soos uiteengesit in paragraaf 3. Die pos moet geadverteer word en 'n professioneel gekwalifiseerde opvoeder moet binne ses maande vandat die pos vakant geraak het, permanent aangestel word.

3. **Ondergekwalifiseerde graad R-praktisyns (ROKW 11–12)** sal graad R-praktisyns bly. Hulle word deur die onderskeie beheerliggame aangestel en ontvang die toelae-gedeelte van die oordragbetaling via die WKOD se betaalstaatstelsel (PERSAL). Hierdie maatreël is ingestel om te verseker dat toelaes aan die ondergekwalifiseerde graad R-praktisyns betaal word en nie vir ander doeleindes aangewend word of op enige manier aangepas word nie.

3.1 Raadpleeg Bylae 1 wat hierby aangeheg is rakende permanente aanstellings van graad R-opvoeders (posvlak 1) in die geval waar 'n ondergekwalifiseerde graad R-praktisyn sy of haar professionele kwalifikasie (NKR 6 en hoër), uitgereik deur 'n erkende hoëronderwysinstelling, behaal, en dié praktisyn as 'n posvlak 1-opvoeder aangestel wil word. Permanente aanstellings sal binne drie maande ná ontvangs van die dokumentasie gedoen word om voorsiening te maak vir die afhandeling van administratiewe prosesse. Betaling sal gemaak word vanaf die datum wat op die aanstellingsbrief verskyn. Hoofkantoor sal 'n hersiene diensstaat uitreik wat 'n bykomende posvlak 1-pos aantoon wat vir graad R aangewend kan word.

3.2 Ondergekwalifiseerde graad R-praktisyns sal vanaf Januarie 2023 'n jaarlikse toelae van R154 167 ÷12 = R12 816 per maand ontvang. Daardie werknemers wie se toelaes teen die laer kerf bereken is, sal hul agterstallige betaling op of voor 31 Julie 2023 ontvang. Persoonlike inkomstebelasting en bydraes tot die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) sal van toelaes afgetrek word. Die toelae word op die laaste werksdag van die maand betaal, behalwe in Desember, wanneer die toelae ná 15 Desember en voor 25 Desember betaal sal word. Hierdie betalings sal via elektroniese oordrag in die graad R-praktisyns se bankrekeninge inbetaal word.

4. **Ongekwalifiseerde graad R-praktisyns (ROKW 10 en laer)** sal 'n toelae van die beheerliggaam ontvang wat uit die WKOD-oordragbetaling betaal sal word.

4.1 Indien 'n ongekwalifiseerde graad R-praktisyn die diens sou verlaat, moet 'n professioneel gekwalifiseerde posvlak 1-opvoeder vir graad R gewerf word.

4.2 Indien 'n professioneel gekwalifiseerde graad R-opvoeder (Grondslagfase) nie gewerf kan word nie, mag 'n nominasie vir 'n ondergekwalifiseerde graad R-praktisyn via die Kontrakaanstellingnasporingstelsel – Mensbestuurspraktykstelsel (KAN-MBPS) )(*Contract Appointment Tracking System – People Mangement Practices System (CAN-PMPS)* voorgelê word. Die posbekleër sal 'n toelae (as ondergekwalifiseerde) vir 'n tydperk van nie langer as ses maande nie, ontvang, soos uiteengesit in paragraaf 3.

4.3 Permanente aanstellings in hierdie kategorie kan slegs elke ses maande, op 01 April of 01 Oktober, gedoen word om saam te val met die oordragbetalingstydperke. Dit is om te voorkom dat 'n praktisyn 'n toelae via die beheerliggaam asook 'n salaris van die WKOD ontvang wanneer die praktisyn permanent aangestel word. Beheerliggame moet hulself hiervan vergewis wanneer hulle kandidate vir hierdie vakatures werf en die poste vul.

5. Alle personeelaangeleenthede rakende ondergekwalifiseerde en ongekwalifiseerde graad R-praktisyns sal deur hul onderskeie beheerliggame hanteer word, wat die werkgewer is. Dit sluit enige diensvoorwaardes en diensvoordele in wat deur die beheerliggaam verskaf word.

6. Beheerliggame word aangeraai om beginsels van billikheid en redelikheid toe te pas, soos uiteengesit in die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995), wanneer die kontrakte van ondergekwalifiseerde en ongekwalifiseerde graad R-praktisyns bestuur word.

7. Die toelae van 'n ondergekwalifiseerde graad R-praktisyn wat kraamverlof neem, sal vir die duur van haar afwesigheid gestaak word. Gedurende hierdie tydperk mag sy van die WVF eis.

8. Bewys van kraamverlof en die nominasie van die ondergekwalifiseerde praktisyn wat haar sal aflos, moet deur die prinsipaal via die KAN-MBPS verskaf word. Die mediese sertifikaat vir kraamverlof moet duidelik die begin- en einddatum van dié verlof aandui.

9. In gevalle waar ondergekwalifiseerde graad R-praktisyns sonder magtiging afwesig is, moet die prinsipaal die betrokke adjunkdirekteur in die Direktoraat: Diensvoordele (Raadpleeg Bylae 2 wat hierby aangeheg is) teen die tweede dag van die ongemagtigde afwesigheid daarvan in kennis stel, sodat die toelae gestaak kan word.

10. Spesiale skole wat voor 01 Januarie 2023 'n oordragbetaling vir graad R ontvang het, is deel van die universaliseringsproses van graad R.

11. Die lewenskoste-aanpassing, wat 'n invloed kan hê op die toelaebedrag, op die nuwe kerf van R173 895, en wat van toepassing is op graad R-praktisyns (ondergekwalifiseer), sal behoorlik bereken en terugdateer word tot 01 April 2023. Hierdie betalings sal voor of op 31 Julie 2023 via PERSAL aan die ondergekwalifiseerde praktisyns gemaak word.

12. 'n Kwalifikasiebaan word tans in die onderwyssektor bespreek. Die Departement van Basiese Onderwys sal leiding verskaf en, in samewerking met al die provinsiale onderwysdepartement, hoëronderwysinstellings betrek. Die uitkoms sal bekendgemaak word sodra dit gefinaliseer is.

13. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-06-14